

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees
van die waarheid en
die gees van die dwaling*

REDAKSIONEEL

Stille dood gepraat

Met die formering van Eva het die tweede tafel van die wet gekom - man tot manin, mens tot mens. Die tweede tafel van die liefde rus in die eerste: God se bestaan en sy liefdeseis tot Homself. God spreek die mens in die paradys deur sy Woord aan. Na die sondeval kán God die mens doodswyg. Met die oordeelsdag sál Hy die ongeloof doodpraat. In Christus swyg God nie. Sy Woord is openbaring. Sy stem is sy beeld - sigbaar, hoorbaar. Sy Woord is die saad wat aan die kerkmens geboorte gee. Daarom is die kerk 'n pratende kerk. Die Woord is openbaring en werk openbarend.

Mag die kerk swyg as God praat? Mag die kerk oor God swyg? Mag die kerk doodpraat?

Doodswyg

Daar is meer as ooit behoefte in die Gereformeerde Kerke dat ons met mekaar praat. Daarvoor moet die stilte verbreek word. Hoe het die stilte in die kerk gekom? Wat is die klanklose liefde tans? Die vrae sal verskillend beantwoord word. Vir sommige is dit 'n selfbeheerste stilte, vir ander 'n woedende een en vir nog ander 'n lui windstilte. Hoeveel

groepe en groeperings nou ook al in die kerk - weder-regter-lik - onderskei kan word, ons moet die geroep op die dak hoor. Die kerk is gemaak om te praat. Ons stilte teen mekaar is koue kerkmoord. Dit skep afstand. Dit sondig teen die liefde wat afstand oorbrug. Die stilte is 'n aanslag op die Woord self.

Praat móét ons praat, anders is ons menswees in gedrang. 'n Mens leef uit die klank van die Woord. Is die geloof dan nie meer uit die gehoor nie? 'n Kerkmens se medemenslikheid is tog niks anders as die weerklank van die Woord nie.

Laat ons tog weer oor die hermeneutiek van die Skrif praat. Erken die primaat van die Woord. As Christus ons nie los nie, hoe kan ons mekaar dan los? 'Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My. Aan hom wat oorwin...' (Openbaring 3:20-21). Christus het die hel se stilte oorwin. Ons deel in sy oorwinning. Laat ons ook die stilte tussen ons oorwin. Durf die een sonder die ander by Christus aankom? Swyg nie langer broeders en susters, of het ons dan niks gehoor nie?

Doodpraat

Die Woord kom eerste. As ek saam met God begin praat, Hom in sý rederaad val, dan begin ek die kerk ook doodpraat; dan is die orde weg - 'n kakofonie van demokrasie wat stem en stem, met die hande en nie met die tong nie.

Is dit nie wat Wayne Meeks ons leer nie? Om saam met God te praat? Om betekenis aan sy Woord toe te ken, asof 'n mens die waarde van die Christus vanself kan ken en toeken? Ons woorde is nie die Woord nie; dit is nie eers interpretasies van die Woord nie. Of is dit waar dat gesê word dat aan woorde betekenis toegeken word, met die implikasie dat die kerk betekenis aan Christus toeken?

Wie het eerste gepraat - God of die mens? As jou hermeneutiese model, jou taalteorie, sê dit was eerste die mens - wat leer jy die kerk praat? Die kerk kan ook uit sy beurt uit praat. Die kerk mag nooit eerste praat nie. Daarvoor mag ons nie swyg nie.

Moet dit nie doodpraat as gesê word dat daar iets radikaal verkeerd is met die verstaan van die Woord wat huidig in die kerk gebesig word nie. Dit verdring die primaat van die Woord,

INHOUD

1 Redaksioneel
Stille dood gepraat

2 Skrifoordenking
Die HERE se vereistes vir ware reformasie van sy kerk
Ds HLJ Momberg

4 Fokus
Geestelike transformasie in die briewe van Paulus
Ds E Kayayan

7 Aktueel
Die dood as tweelingbroer
Dr ALA Buys

9 Uit die geskiedenis
Calvyn oor die eer en gesag van sinodes
Dr AH Bogaards

10 Persskou
• **Atmosfeer in die erediens**
• **Gereformeerde in charismatiese klee**
• **Klank en weerklank**
Ds GJ Meijer

wat eerste was, voor menslike klanke daar was. Laat ons dit uitmaak of die Woord - in Homself - betekenis het, as die Seun van God; dat tale hulle betekenis slegs aan Hom te danke het.

Die Woord lewe. Die Woord was in die begin. Die Woord het voorrang - ook in die hermeneutiek. Heel in die begin - voor die stilte in die kerk, voor die doodpraat in die kerk, was

die Woord reeds daar. Swyg, soos Job, voor God en nie oor God nie. Laat ons tog praat, want God het in sy Woord gepraat.

ALAB

SKRIFOORDENKING

Ds HJ Momberg, Die Kandelaar

Die HERE se vereistes vir ware reformasie van sy kerk

Lees: 1 Samuel 7:1-17

Maar Samuel het met die hele huis van Israel gespreek en gesê: As julle met jul hele hart julle tot die HERE bekeer, verwyder dan die vreemde gode en die Astartes onder julle uit, en rig julle hart op die HERE en dien Hom alleen; dan sal Hy julle red uit die hand van die Filistyne.

Die geskiedenis bewys dat mense gedurig geneig is om in hulle verhouding met God rond te val. Daar was altyd tye van geestelike afplatting en tye van oplewing in die kerk. Dit is wat ons in 1 Samuel 7 teëkom. Dit gaan hier oor die vraag na ware reformasie. So baie mense praat van reformasie, herlewing en vernuwing. Sommige doen dit reg, volgens die HERE se wil, maar baie is roekeloos hiermee.

Die gevalle Ou Testamentiese kerk, wat so tragies weggedryf het, het juis daarna gestrewe om na die HERE terug te keer. Aan die begin van hierdie strewe het hulle nie op die regte manier probeer terugkom nie. Daarom het die HERE hulle deur die bediening van Samuel geleer hoe hulle Hom moet dien op 'n wyse wat vir Hom welgevallig is. Slegs die regte wyse sal tot die salige vrug van bekering lei.

Die vooraand van reformasie

Hierdie Skrifgedeelte beskryf een van die mees tragiese tye in Israel se verhouding met die HERE. Daar is altyd duidelike tekens wat waarsku

wanneer dinge in die gelowiges se hart nie reg is nie. Hierdie tekens het deur al die eeue van die kerkgeskiedenis nog nooit verander nie. Dit word in die eerste hoofstukke van Samuel beskryf.

• Die godsdiens het immoreel en korrup geword

Mense het nie ingesien dat daar 'n sterk verbinding is tussen hul lofoffers in die heiligdom en hul lewe dwarsdeur die week nie. Selfs die priesters het die diens aan God beklad (1 Samuel 2:12). Die seuns van Eli was deugniete; hulle het die HERE nie erken nie en hulle aan die offergawes vergryp. 'En die sonde van die jongmanne was baie groot voor die aangesig van die HERE, want die mense het die offer aan die HERE verag' (1 Samuel 2:17). Die godsdiens het 'n valse hebsugtige speletjie geword, 'n goeie verskoning vir tempelprostitusie.

• Die Woord van God is nie meer verkondig nie

'En die seun Samuel het die HERE gedien voor Eli, en die woord van die HERE was skaars in die dae: gesigte was daar nie baie nie' (1 Samuel 3:1). Dit is verstommend en vreesaanjaend dat mense dit regkry om al die uiterlike verpligings van hulle godsdiens in stand te hou, lank nadat die HERE sy teenwoordigheid onttrek het. By hierdie punt is twee sake belangrik: die korrupte erediens en die Woord wat nie gehoor is nie. Waar die

Woord van God verdamp het, waar die kerkvolk van die kosbare Woord beroof is, waar enige ander praatjies of voorlesings behalwe die Woordverkondiging plaasvind, daar ontspoor die godsdiens in sy geheel.

• Die erediens was in verval

Die tabernakel is as die sentrum van die godsdiens ontruim en die ark van sy toepaslike plek verwyder. 'Toe het die manne van Kirjat-Jeárim gekom en die ark van die HERE gaan haal en dit in die huis van Abinádab op die heuwel gebring; en hulle het sy seun Eleásar geheilig om die ark van die HERE te bewaak. En van die dag af dat die ark in Kirjat-Jeárim gebly het, het daar geruime tyd verloop - dit was twintig jaar - en die hele huis van Israel het agter die HERE aan geweeklaag (1 Samuel 7:1-2).

Mense kry dit nie net reg om die beginsels van God se gesag in die godsdiens te ignoreer nie, maar hulle kry dit vir 20 jaar lank reg! Vir 20 jaar lank het die versoeningsdiens by die ark van die HERE binne die allerheiligste nie plaasgevind nie, het die Christusbediening verdwyn. Hierdie tragiese tekens het vir die kerkvolk in die algemeen gegeld. Dit het noodwendig ook 'n uitwerking op elke lidmaat individueel gehad.

Kyk maar hoe staan sake met ons wanneer dit oor die korrupsie van ons erediens gaan. Hoe is dit met ons gesteld wanneer dit oor

die suiwer verkondiging van die Woord van die HERE gaan? Hoe is dit met ons wanneer dit gaan oor die versoeningsdiens in en deur Christus Jesus, met ons gebedsdienste, met ons toetreding by God in sy allerheiligste?

Waarom reformasie noodsaaklik word

Wanneer ware aanbidding afneem, floreer afgodery en eiesinnige godsdiens. Volgens die instruksies in 1 Samuel 7:3 is daar twee belangrike opdragte: bekeer en verwyder. Bekering tot die HERE en verwydering van die afgode. Ons kan nie die een sonder die ander doen nie. Daar is so baie mense wat probeer terugkeer. Hulle weier egter om die vreemde gode uit hul lewe te verwyder. Dan is ons ook nie verras dat hul geweeke laag 20 jaar aangehou het nie.

Iemand wat oor sy ellende weeklaag, maar nie bereid is om sy afgodery te verwyder nie, is besig met bedrog. Dit is die skyn van bekering, soos ons dit in ons post-moderne tyd ook kry. Wanneer die ware aanbidding besoedel en besmet raak, en die vereistes en begeertes van wêreldse menseregte oor die gesag van die Woord heers, dan word mense outomaties slagoffers van hul ou natuur, van hebsug en ontug, van allerlei bose geestelike magte wat veel kragtiger is as wat ons kan beheer.

Dit is dus gevaarlik as ons nie ywerig en getrou aanbid nie. Van Daniël het ons geleer dat dit deur die getrouheid van sy aanbidding en sy gehoorsaamheid aan die voorskrifte van die HERE was, dat die HERE hom gebruik het om die koninkryk van die hemele te proklameer.

Die Bybel leer ons dat daar 'n direkte band is tussen ons ontrouheid, ons slapheid in ons aanbidding en die ineenstorting van ons huishoudings, die besoedeling van ons moraliteit, en ons persoonlike verslawings en spannings. Dit is 'n Bybelse beginsel vir meer as 3 000 jaar. Ons moet nie dink dat ons dit vandag kan verander nie.

Dit is wat ook in hierdie Skrifgedeelte gebeur. Die ark is weg. Die tabernakel is ontruim. Die Woord van die HERE is skaars. Wanneer die mense God ignoreer, sal hulle verlief raak op en verslaaf raak aan iets anders. Na 'n tyd mis hulle die HERE selfs nie meer nie.

Waarom 'n sekere soort reformasie nie slaag nie

Soms neem christene 'n stap om na God terug te keer wat baie na reformasie lyk, maar ver daarvandaan is. Die hele huis van Israel het geweeke laag agter die HERE aan - en hulle het dit bly doen vir 20 jaar lank! (1 Samuel 7:2). Byna onmenslik lank!

Hulle het begin verstik aan die wrede onderdrukking van die Filistyne. Hulle het die dwaasheid aangevoel wat dit is om 'n God in teorie te hê, maar hulle ervaar nie sy teenwoordigheid en sy krag nie. Hulle het die Heilige Gees bedroef en uitgeblus, en nou is daar geen lewensvatbaarheid in hul godsdiens nie. Enigeen behoort die leegheid van so 'n soort godsdiens in te sien; om die gedaante van die godsaligheid te hê, maar die krag daarvan te verloën. Dit is tragies dat mense so lank moet neem voordat dit werklik tot hulle deurdring.

Dan begin hulle die lading van hulle sondes besef. Hulle weet dat God beslis iets beters vir hulle in die vooruitsig gestel het. Wat hulle ervaar is ellende op ellende: misoeste, berowing, anneksasie van grond en besittings. Dan doen hulle wat ons almal doen: hulle begin weeklaag agter die HERE aan. Hulle begin bid. Miskien versamel hulle ook mooi en groot beloftes onder die lidmate. Hulle begin byeenkomste organiseer. Dit alles doen hulle vir jare!

Selfs voordat Samuel hulle gekonfronteer het, het hulle so geweeke laag agter die HERE aan - vir jare lank. Dit was alles sonder vrug. Natuurlik was daar ook plek-plek ware geloof. Samuel was immers nog die hele tyd in hul midde. Moontlik was daar ook nog ander mense, wat soos Samuel se ouers, getrou in die godsdiens was. Maar, en dit is die gedeelte van die boodskap waarna ons vandag moet kyk: hulle het agter die HERE aan geweeke laag sonder noemenswaardige sukses - omdat hulle twee wesentlike dinge nagelaat het wat hierdie teks beveel.

Samuel doen niks spesiaals nie. Hy ruk die volk eers tot stilstand en gee hulle daarna vanuit die wetboek 'n opfrissingskursus in hul pad terug na God toe; toerusting uit die verbondsboek in ware reformasie. Dit is die volgende hoofgedagte.

Samuel leer die kerkvolk vanuit die genadeverbond hoe om na God terug te keer

Die eerste ding wat hulle moet doen is om al hulle afgode te vernietig. As julle ernstig is om die HERE te volg, hier is dan die manier om dit te bewys. Weg met al julle eie bedinkels! Weg met julle eie sentimente! Weg met julle wêreldgelykvormighede! Weg met die lewensbegeerte om die modes van die wêreld slaafs na te jaag! Weg met daardie obsessies om by die ontspanningskultuur van die stadslewe in te wees! Weg met die drinkersmentaliteit!

Hoe sou ons pluralistiese samelewing reageer op 'n hedendaagse soort Samuel wat op die toneel verskyn en verkondig dat die godsdienstige praktyke van die hele nasie waardeloos en sleg is, dat ons waardestelsels korrupt is? Dit is presies wat Samuel gedoen het: As julle vir Jahwe as julle God wil hê moet julle na Hom alleen toe kom, en julle moet volledig op sy terme kom - nie op julle terme nie. Nie God én Mammon nie. Nie die HERE én die Astartes nie. God sal nie aanbidding van 'n verdeelde hart aanneem nie. Hy vereis suiwerheid van hart. Enkelhartigheid. Dit beteken 'n hart wat nie besmet is en wat nie vermeng is met ander passies en begeertes nie.

Die meeste van ons weet dit in ons harte. Die mense in Israel het dit ook geweet. Hulle het immers reeds woorde gehoor soos: Jy moet die HERE jou God liefhê met jou hele hart, jou hele siel, en al jou kragte. En ook: Jy sal geen ander gode voor my aangesig hê nie!

Daar was dus geen onduidelikheid dat God van hulle vereis het dat hulle hul harte op Hom alleen gerig moes hou nie. Dit is nie 'n waarheid wat hulle vergeet het nie, en ons het dit ook nie vergeet nie. Ons weet dit maar al te goed. Maar hier is die waarheid wat hulle vergeet het, net soos wat ons dit ook so maklik vergeet: Ons het die HERE nie meer so lief soos daardie tyd nie. 'Julle het julle eerste liefde verlaat.' Ons harte is verstik deur die dorings en distels van die sorg van hierdie lewe, die grootsheid van hierdie wêreld, die genot van hierdie tydelike bestaan van ons. Ons harte is heeltemal oorbeset met al ons

lewensprogramme. Ons is so besig!

Wanneer ons dan opnuut na die HERE toe kom, sal van ons vereis word om iets anders uit te ruk en dood te maak; plek te maak, die ou mens af te sterf. Dit is die waarheid wat hulle vergeet het. Daarom het hulle al daardie jare, sonder sukses, net aangegaan om te weeklaag agter die HERE aan. Hulle wou nie hul losbandige Astartes, hulle perverse heilige boomstamme, al daardie aanloklike afgode verwyder nie. Dit is ook die rede waarom so baie mense vandag net tydelik, van korte duur, opgewek word om God te volg. God kom nie eenvoudig woning maak in enigeen nie. Daar moet ook vir Hom 'n woonplek in jou binneste afgesonder en geheilig word.

Die tweede wat Samuel vir die kerkvolk geleer het om tot God se welgevalle te reformeer was om hulle harte op die HERE te rig en Hom alleen te dien; dan sal Hy hulle uit die hand van die Filistyne red.

Hulle was met ligsinnige godsdiens besig. Ligsinnige godsdiens wil eerder aanbid as wat dit wil dien. Nie dat aanbidding verkeerd is nie. Dit is goed en reg om te sing en erediens te hou. Aanbidding is inderdaad baie belangrik.

Waar lê die fout dan? Aanbidding is bedoel om die oorloop van my ware lewe te wees wat ek voor die HERE uitstort (soos Hanna in haar droewige gebed en haar stryd). Maar dit is nie die een en al nie. Dit is ook nie die einde van alle ware godsdiens

nie. Dit is slegs die uiterlike en waarneembare oorloop van my egte verhouding met God. Aanbidding is wonderlik en fantasties, maar as ons dink dat dit al is wat God van ons vra, maak ons 'n baie groot fout. Om maar een ding te noem: God vereis suiwerheid, enkelhartigheid saam met aanbidding (kyk ook HK Sondag 45). 'n Suiwer Godsbegrip, 'n suiwer sondebefes, ware verootmoediging, oorgegewe vertrouwe deur Jesus Christus se volkome offer. Godsdien moet nie net suiwer wees nie. Dit moet ook ware diens wees uit 'n dienskneppengestalte. Dit is die probleem wat Samuel aanspreek. God is nie hulle gelukbringer wat hulle kan gebruik en manipuleer soos hulle wil nie. Egte diens is baie belangrik.

Egte diens met die hele hart is die regte manier om ons gereed te maak om in God se teenwoordigheid te kom (Psalm 15) en sy krag te ondervind (Filippense 3). Daar is 'n enorme verskil tussen verlang na iets en om werklik voor te berei daarvoor. Die egte geloofsdaad het vir Abraham daarop neergekom dat hy nie net verlang het om 'n geseënde nageslag te hê waarvan hy die geloofsvader is nie, maar hy moes op grond van God se belofte ook voorbereidings tref om sy beloftes in ontvangs te neem.

Samuel leer die kerk om op te hou huil agter die HERE aan en goeie konkrete besluite te neem. Ruk die afgode uit en dien die Here alleen. Hier is 'n opdrag van die HERE met 'n belofte wat ons nie

kan ignoreer nie. Diens aan die Here loop waarlik daarop uit dat die vyand se rug gebreek word. Die belofte is: Hy sal julle verlos uit die hand van die Filistyne (1 Samuel 7:3b). Hier is 'n versteekte skat van waarheid vir diegene wat die moed het om dit op te grawe en te omhels: Dien die HERE en weerstaan die duivel en hy sal van julle wegvlug (Deuteronomium 30:1-10). Dit is ook troosryk, bemoedigend hoe hierdie paragraaf in vers 13 eindig: 'En die Filistyne is verneder, sodat hulle verder nie meer die gebied van Israel binnegekom het nie, en die hand van die HERE was teen die Filistyne al die dae van Samuel'.

Daar kom in die geskiedenis tye van groot afvalligheid. Tans in Suid-Afrika beleef ons ook 'n groot afvalligheid. Intussen kerm en kla ons agter die HERE aan, elke keer as daar 'n kaping, moord, afdanking, petrolstyging, ensomeer plaasvind. Die HERE gee in hierdie Skrifgedeelte opdrag: As julle met jul hele hart julle tot die HERE bekeer, verwyder dan die vreemde gode en die Astartes onder julle uit, en rig julle hart op die HERE en dien Hom alleen; dan sal Hy julle red uit die hand van die Filistyne.

Toegepas op ons situasie: As julle opreg begeer om die kerk in die bane van die reformasie te stuur, verwyder dan die wêreldse dinge onder julle uit, en rig julle hart op die HERE en dien Hom alleen. Hy belowe dat ons ook oor ons doodsnyande oorwinning sal smaak.

FOKUS

Ds E Kayayan, Rietvallei

Geestelike transformasie in die briewe van Paulus*

Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn – dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlijkheid van God in die aangesig van Jesus Christus (2 Korintiërs 4:6).

Die woord 'transformasie', toegepas op christelike gemeentes, roep enkele basiese vrae op: Hoekom moet daar transformasie plaasvind en getransformeer word? In watter

behoefte moet daar voorsien word? Waardeur word daar getransformeer, deur watter krag of watter motief? Wie inisier dit? Werk transformasie deur een of ander metode? Speel die mistiek 'n bepaalde rol in so 'n transformasie? Is dit 'n geval van *spiritual engineering*? Hoekom word daar in die literatuur gepraat van en aangedring op transformasie, eerder as om te praat van en aan te dring op reformasie of regmaak? Wat is

die verband tussen transformasie en ewolusie? Moet daar een of ander vorm van genetiese mutasie in die lewe van die gemeente plaasvind?

Hierdie vrae, en talle soortgelykes, bring ons by 'n sentrale motief wat in die volgende formule saamgevat kan word: 'aanpassing by veranderende tye'. Transformasie moet plaasvind, word daar beweer, om by veranderende tye aan te pas. Daar lê natuurlik 'n klomp aannames in so 'n

kort formule: aannames oor die plek en status, die aard en omvang, die vermeende onvermydelike implikasies van veranderende tye. 'n Hele tydsbeskouing kom hier ter sprake, wat deeglik uitgestippel behoort te word deur wie ookal so 'n formule aanneem en gebruik.

Kom ons kyk eers na die Skrif om uit te vind of die begrip 'transformasie' daar verskyn en watter les vir die lewe van die kerk daaruit te leer is. Dan eers sal ons op die aannames kan terugkom en hulle evalueer.

'n Vinnige ondersoek maak dit duidelik dat werkwoordelike vorme wat met die woord 'transformasie' vertaal sou kon word, inderdaad in die Nuwe Testament te vinde is. Behalwe vir die gevalle wat te doen het met Jesus se verheerliking op die berg (Matteus 17:2 en Markus 9:2) kom die werkwoord *metamorphomai* (om verander te word, om getransformeer te word, om gemetamorfoseer te word) twee keer in Paulus se briewe voor, naamlik in Romeine 12:2 en 2 Korintiërs 3:18. Die werkwoord verskyn hier in die passiewe vorm, soos in die twee gevalle wat verband hou met die verheerliking van Jesus. Dit is van groot betekenis vir ons onderwerp. Kom ons kyk na die gebruik hiervan in Romeine en Korintiërs.

Metamorphoesthe in Romeine 12:2: die imperatief-passief in die God-mens verhouding met betrekking tot transformasie

'En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander [getransformeer] deur die vernuwing [transformasie] van julle gemoed [denke, verstand], sodat julle kan beproef [onderskei] wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.'

Wanneer gekyk word na die onmiddellike konteks waarin die werkwoordelike vorm 'wees getransformeer' verskyn, is dit opvallend dat daar 'n bepaalde raamwerk voor en na die gebruik van die werkwoord bestaan, wat die noodsaaklikheid, aard, objek en omvang van die voorgestelde transformasie streng bepaal: 'n raamwerk met 'n voorafgaande negatiewe pool en 'n opvolgende positiewe pool:

'En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar ...'

'... sodat julle kan beproef [onderskei] wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.'

Transformasie, skryf Paulus aan die Romeine, geskied in antitese ('maar') met iets anders, naamlik 'n gelykvormigheid aan 'n bepaalde patroon van denke en gedrag wat wyd aanvaar is, maar nie meer vir die gelowige mag geld nie. Die ou denkpatroon het nie meer enige bestaansreg in die lewe van die gelowige nie. Hier beteken transformasie eintlik die oorgang van 'n sekere denk- en gedragspatroon na 'n nuwe een. Die verlating of wegdoen met die ou patroon dien as't ware as *necessitas* vir die voorgestelde transformasie. In antitese met wat die wêreld - as ongehoorsame entiteit/sfeer/gees - dink, sê en doen, word nuwe prioriteite gestel wat te doen het met die perfekte wil van God. Transformasie is noodsaaklik omdat daar onversoenbaarheid bestaan tussen die wêreld en die wil van God. Die wil van God word as 'goed, aanneemlik en volmaak' beskryf in antitese met die gees wat oor die wêreld heers, of dit wat as wêreldse gekenmerk kan word.

Tussen hierdie twee pole kom dus die noodsaaklike transformasie: Paulus kwalifiseer dit as 'n vernuwing van die gemoed, oftewel die hele oriëntasie van 'n mens se denke, hart en dryfvere. Transformasie is dus heel eerstens 'n radikale interne metamorfose - nie die blote omruil van ou uiterlike praktyke vir nuwe uiterlike praktyke nie. Die nuwe gedragspatroon wat in die volgende afdeling deur Paulus uitgestippel word, vloei voort uit hierdie vernuwing van die menslike gemoed. Wanneer transformasie geskied, lei dit na niks anders nie as die soek van God se wil deur die gemoed (die kern en wortel van 'n mens se bestaan). Dit lei na niks anders nie as 'n strewe na dit wat vir Hom aanneemlik is.

'n Sterk parallel met die byvoeglike naamwoorde wat Paulus in Romeine 7:12 in verband met die wet gebruik het, is hier opmerklik ('Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed'). Die wil van God in Romeine 12:2 verwys duidelik

na sy geopenbaarde wet in hoofstuk 7:12. Hierdie verband word beklemtoon in Calvyn se kommentaar op die brief aan die Romeine (1539). Binne die breër konteks van die brief aan die Romeine is dit ook duidelik dat 'sodat julle kan onderskei/beproof' antitetesies bedoel is as 'n mens na Romeine 1:28 teruggryp, wat juis die wêreldse patroon van denke en gedrag beskryf ('En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkenning te hou nie'). Dieselfde werkwoord word in hoofstuk 1:28 en 2:18 gebruik. Implisiet in hierdie gedeelte is dat indien dit nie heeltemal vernuwe word nie, ons verstand gelykvormig aan die wêreldse patroon van denke en gedrag sal bly.

Ewe opvallend is die gebruik van die passiewe vorm van die werkwoord *metamorphomai* wat nuwe onderskeidingsvermoë in die gemoed van die gelowige laat ontstaan. Die agent van die betrokke transformasie is nie die mens nie. Die gelowige word nie geroep om te transformeer nie, maar om homself te laat transformeer. Hierdie is nie 'n klein nuanse nie, maar 'n beslissende erkenning van die oorsprong en oorsaak van die vernuwing wat in die lewe van die gelowige geskied. Wie dan is die agent van so 'n radikale transformasie? Die leser van Romeine 12 kan nie anders nie as om terug te gryp na die doksologie waarmee Paulus die voorafgaande afdeling afgesluit het: 'Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen'. Reeds vroeër, in hoofstuk 8:4-6, is die Gees van God in dieselfde antitetesiese raamwerk gemeld; die nuwe mens Wandel volgens die Gees en nie meer volgens die vlees nie. Die Gees bedink geestelike dinge in die lewe van die gelowige. Weereens het dit primêr te doen met die innerlike, die kern van 'n mens se bestaan, en nie eerstens met die uiterlike handeling nie.

Die parallelle gedeelte in Efesiërs 4:23 handel oor die hernuwing van die gemoed in duidelike antitese met die gedragspatroon van die ou mens waarmee gebreek moet word. 'n Ander werkwoord word hier gebruik (om te hernu, om nuut te maak), wat egter ook in die passiewe vorm gebruik is: 'en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed'.

Metamorphoemetha in 2 Korintiërs 3:18: transformasie na die beeld van die Here

Romeine 12:2 het 'n raamwerk verskaf waarbinne transformasie as oorgang van 'n ou patroon na 'n nuwe een beskou moet word. 2 Korintiërs 3:18 fokus op transformasie as weerspieëling van die Here se heerlijkheid. Dieselfde werkwoord *metamorphoemetha* word hier ook in die passiewe vorm gebruik. In hierdie gedeelte word ons nader gebring aan die misterie van God se vernuwende handeling teenoor die gelowiges van die Nuwe Verbond. 'n Sluier val weg en so word Christus se heerlijkheid sigbaar. Die aanskouing bring 'n heerlike transformasie vir die gelowige mee, wat vernuwe word in die heerlike beeld van Christus, deur die Gees van Christus (die Here). Die Bybel met Verklarende Aantekeninge (1959) verklaar dit so: 'die daaglikse aanskouing van die beeld van Christus, d.i. ons gemeenskapsoefening met Hom, bewerk 'n proses van lewensvernuwing waardeur die Christene steeds meer aan Christus, die beeld van God, gelyk word.' Die teenwoordige tyd in die passief dui 'n voortdurende proses van transformasie aan. Soos in Romeine 12 kom daar egter ook 'n antitese: dié keer met diegene wat die Ou Testament lees sonder om in te sien dat Christus die vervulling daarvan is. Hierdie kontras vind binne 'n groter kontras plaas, wat vanaf vers 1 beklemtoon word, naamlik die kontras tussen die heerlijkheid van die Ou Verbond en die groter heerlijkheid van die Nuwe Verbond. Dit word nader beskryf met die kontras tussen die letter (die bedeling van die wet) en die Gees (die bevryding van die oordeel van die wet deur die evangelie).

Weereens, soos met Romeine 12:2, kan daar gevra word: Wie is die agent van so 'n transformasie? Wie maak dit moontlik om die heerlike aangesig van Christus te kan aanskou, sodat daardie heerlijkheid al hoe meer in die lewe van die gelowiges gereflekteer word? 2 Korintiërs 3:18 verskaf 'n ondubbelsinnige antwoord op hierdie vraag: die Gees, wat Here is, doen dit (sien ook die geloofsbelofte van Nicea). Die verligting wat God in die lewe van die

gelowiges laat kom, word in hoofstuk 4:6 weer beklemtoon: 'Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn - dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlijkheid van God in die aangesig van Jesus Christus'.

Geen metode, geen uiterlike transformasie is verantwoordelik of noodsaaklik vir die nuwe lewe wat aan gelowiges geskenk is nie, maar alleenlik die verligting van die Heilige Gees. Die belydenis van Nicea-Konstantinopel vat dit perfek saam: 'Ons glo in die Heilige Gees, wat Here is en lewend maak'. Die mate waartoe die Verligting van die 18de eeu (die *Aufklärung*) die verligting van die Heilige Gees in die teologie en die lewe van die kerk vervang het, veral wanneer dit neerkom op die metodes wat aangewend word om die Skrif uit te lê, is waarskynlik die grootste aanval op die evangelie vandag (sien prof LF Schulze se uitsers insiggewende artikel: Die Donker Kant van die Verligting, Koers 63(4), 1998:279-283).

Enkele gevolgtrekkings oor die huidige gebruik van die begrip transformasie

Hoekom moet daar in die lewe van gelowiges en gemeentes getransformeer word? In kontras waarmee vind dit plaas? Hoe gebeur transformasie? Watter vernuwing bring dit? Wie is die agent daarvan? Hierdie aanvanklike vrae het hopelik rigtinggewende antwoorde gekry uit die oorsigtelike studie van Romeine 12:2 en 2 Korintiërs 3:18, binne die breër konteks van hierdie Pauliniese briewe. Dit is oorbodig om alle moontlike gevolgtrekkings te maak op die terrein van die huidige beweging van transformasie van gemeentes. Elkeen kan dit self gaan doen en ook gaan evalueer of daar 'n verband bestaan tussen wat die Nuwe Testament oor transformasie leer, en hoe die begrip transformasie vandag gebruik en aangewend word. Die mees kritiese vrae, wat as enigste toets vir die Skriftuurlike grondigheid van transformasie behoort te geld, bly egter die volgende:

- As transformasie in gemeentes toegepas word, is dit ter wille van vernuwing na die beeld van Christus deur die aanskouing daarvan,

met 'n denk-en gedragspatroon wat noodwendig uitloop in die voorskrifte vir die lewe van die christen soos Paulus dit in Romeine 12:3 en volgende uiteensit? En word so 'n vernuwing van die gemoed, met die gepaardgaande lewensvernuwing, as voldoende aanvaar? Of keer 'n mens terug na 'n wêreldse patroon van denke en gedragskode, waar die Gees van vryheid al hoe minder plek het?

- Glo die kerkvolk dat die Heilige Gees die krag en die gesag het om transformasie te laat plaasvind deur die gelowiges die perfekte wil van God te laat ondersoek? Of is 'n tegnologie van transformasie, met bepaalde menslike metodes, noodsaaklik om die werking van die Gees aan te vul?

Wanneer oor die lewe van die gemeente besin en gepraat word, kom mensbeskouing, mensbeeld ook ter sprake. Gemeentes is mos liggamete met 'n gesamentlike Hoof, wat bestaan uit mense wat deur die band van die Gees en die Woord aan mekaar verbind is. Indien so 'n tegniek/metode van transformasie op gemeentes deur mense (sogenaamde kerkleiers, praktiese teoloë, en so meer) toegepas word, moet daar besef word dat ons met die vorming van 'n nuwe mensbeeld te doen het. Vernuwing in die heerlike en ewige beeld van Christus, deur die Gees van Christus het plek gemaak vir vernuwing in die (nie so) heerlike verandering van tye, deur die tydsgees.

Daarom is aanvanklik ook die volgende vraag gestel: Wat is die verband tussen transformasie en ewolusie? Moet daar een of ander vorm van genetiese mutasie in die lewe van die gemeente plaasvind, sodat sy haar bestaansreg mag behou in die tydelike dimensie waarin sy haarself bevind? Wanneer dus die motief 'veranderende tye' as hoofmotivering vir die aanwending van transformasie na vore gebring word, bestaan daar min twyfel dat 'n nuwe mensbeeld aan ons voorgestel word. 'n Nuwe antitese word geskep, dié keer met die vorige sosio-historiese tydperk in die lewe van die kerk, en nie meer in kontras met 'n bedeling waar Christus se versoeningswerk nie aanvaar is nie. Hierdie nuwe antitese skep 'n ander soort dispensasionalisme, waarin die *crux* van die oorgang van 'n bedeling na 'n ander een nie

meer die kruis van Christus is nie (soos 2 Korintiërs dit herhaaldelik uitspel), maar die verandering van tye volgens opeenvolgende sosio-historiese kontekste. Allerhande nuwe inkarnasies (vleeswordings) word dan in die kerklike lewe aan ons voorgestel, wat die ewige Seun van God s'n moet vervang of aanvul. So word die vleeswording van Christus geaktualiseer, in plaas dat daarvan getuig word. Eintlik het die Roomse Kerk nie 'n ander siening met die herhaalde aktualisering van Jesus Christus se soenoffer tydens die mis nie. Die Roomse kerk weet net hoe om aan hierdie herhaalde aktualisering 'n tydlose karakter te gee, deur die vaste rituele wat reeds vir eeue in sy midde herhaal word.

Die tydelike dimensie van die kerk se historiesiteit kry dan voorrang bo die ewige dimensie van Christus se beeld. Die filosoof Heraklites se bekende leuse 'alle dinge vloei, 'n mens bad nooit in dieselfde water van die rivier nie' regeer nou die tydsbeskouing van die kerk. *Transform and adapt or die!* Natuurlik ontvou die lewe van die kerk wel binne 'n tydelike dimensie. Die uitdaging lê egter daarin dat dieselfde getuienis van dieselfde Christus in hierdie nuwe situasies, uit die kerk moet voortgaan. Verandering van tye behoort gesien te word as 'n Godgegewe raamwerk van die menslike bestaan wat ten doel het om 'n groeiende getuienis aan die koms van die koninkryk te lewer, binne

die vaste geloof dat die ewige God die werklikheid se tydelike dimensie, soos die res van sy skepping (Galasiërs 4:4), volledig bestuur. Dit is egter wesentlik om te begryp dat die kerk se historiesiteit nie deur hierdie tydelike dimensie bepaal is nie. Volgens Efesiërs 1 is die ewige Seun van God en die ewige uitverkiesing van God, wat alle tye voorafgaan, die faktor wat die kerk se historiesiteit bepaal.

Gelowiges word gevra om die geeste te kan onderskei en wêreldse denkpatrone te verwerp (kyk juis na Romeine 12:2). Een van hierdie noodsaaklike onderskeidings het betrekking op die moderne en oorheersende ideologie van historisme, wat self sy wortels in 'n ewolusionistiese mens- en wêreldbeskouing het. Hiervolgens word tyd verabsoluteer; tyd word 'n instrument in die hand van die mens om beheer oor sy lewe te kry, en nuwe rigting daaraan te gee. Tydelike transformasies op alle vlakke (ekonomies, tegnologies, ensovoorts) word deel van 'n algemene stryd van die mens teen die natuur. Deur 'n versnelling van transformasies te bewerkstellig, hoop die moderne mens tog om 'n fase van tydloosheid (ewigheid) te bereik. Op die ou einde word dit egter 'n vernietigende stryd van die mens teen sy eie tydelike bestaan, juis omdat hy tyd verabsoluteer en dus verafgod het. Ewigheid behoort aan God alleen, en Hy alleen skenk die ewige lewe aan wie Hy wil.

Artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis oor die Algemene Christelike Kerk, bly aktueel - juis omdat dit erkenning gee aan die aard en oorsprong van die Godgegewe historiesiteit, asook aan die enigste ware binding van die gelowiges deur die eeue, die binding van die Heilige Gees: 'Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene kerk, 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees. Hierdie kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal tot die einde daar wees, want Christus is 'n ewige Koning, wat nooit sonder onderdane kan wees nie. En hierdie heilige kerk word deur God teen die woede van die hele wêreld bewaar, alhoewel dit soms 'n tyd lank baie klein is en dit in die oë van die mense lyk asof dit tot niet gegaan het - soos die Here vir Hom gedurende die gevaarlike tyd onder Agab sewe duisend mense bewaar het wat nie voor Baäl gekniel het nie. Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig'.

* Lesing gehou by 'n predikantekonferensie: 2Junie 2005, NG Kerk Philadelphia.

AKTUEEL

Dr ALA Buys, Pietersburg-Noord

Die dood as tweelingbroer

Sinode 2003 het bekend geword as die sinode wat die vrou in die amp ingestem en die Cloete-omdigtings toegestem het. Die debat handel oor die gesag van Christus - die skeppingsorde 'Adam is eerste gemaak' - en die plek/verkondiging van Christus in die Ou Testament, 'Christus in die psalms'. Reaksies en teenreaksies wissel en volg mekaar met reëlmaat op.

Liefdevolle ore

Tog was die twee besluite nie die

grootste ramp wat die kerk kon tref nie. Daar is 'n dieper angel van die dood wat misgekyk is en nog steeds word. Die derde besluit - en dalk die een wat die kerk teologies die meeste skade gaan aanrig in die toekoms - is die verandering van die Apostolicum. Daar is sekerlik lesers wat nie altyd instem oor sake nie. Maar laat die liefde ons dra om ook na te dink oor die logiese konsekwensies van besluite. Laat ons die filosofiese wortels van sekere stellings nagaan. Laat ons onself nie dadelik verontskuldig deur te sê dat

dit nie ons bedoeling is of was om die kerk skade te doen nie. Laat ons onself nie vryspreek net omdat ons onself nog nie in die konsekwensies herken nie.

Dit is 'n uiters moeilike saak om iemand te oortuig dat vrugtebome nooit koring oplewer nie - al dink jy, en was dit jou eerlike bedoeling voor God om koring te saai. Ek spreek dus in konsekwensies. Besluite begin êrens en eindig êrens. Kom ons gee mekaar 'n kans om die argument ter tafel te stel. Moet tog nie die verdoofknoppie druk net omdat die

argument profeties - maar altyd in liefde - bedoel word. Geen ware gelowige wil seker die kerk skade doen nie. Laat ons dan na mekaar luister, want wat hier gestel word is dat die GKSA se 2003 besluit oor die twaalf artikels die kerk inderdaad gaan skaad.

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika glo amptelik nie meer dat Jesus Christus in die hel was nie. Hulle glo nou slegs dat Hy die angste van die hel tot die dood toe ondergaan het. Om die kronologiese probleem reg te probeer stel, het hulle (ek kan ongelukkig - ook ter wille van die liefde - nie sê 'ons' nie) die hel en die doderyk gaan staan en verwar. Op 'n baie oorhaastige manier - ek was ooggetuie daarvan - het die klem skielik vanaf Golgota na Getsemane geskuif. Ons - as ek 'ons' moet sê - glo amptelik nou aan 'n bang en hels beangste Jesus wat in die doderyk was. Die kerk glo - amptelik en as keuse-bewoording oorgelaat aan die plaaslike kerk - nie meer dat Jesus Christus self in die hel was nie. Dit is selfs woordeliks so in die bespreking van die stuk op die sinode gesê.

Verlossingsleer bedreig

Dit gaan hier oor wat die kerk feitlik besluit het en wat die implikasies daarvan kan en gaan wees. Laat ek, soos Paulus, dit sê: As Jesus nie in die hel was nie, maar as Hy slegs bang was vir die hel voordat Hy doderyk toe is - dan word die hele verlossingsleer van die kerk bedreig.

Dan het die dood ons tweelingbroer geword wat ons vrees. Ons word darem getroos dat Jesus ook daarvoor bang was. Die skuldbetaling is egter weg, want Christus het in die doderyk gepreek, maar in die hel - lewendig aan die kruis - betaal. 'My God, my God waarom het U my verlaat?' Daardie soetsuur verlossingswoord van die nagmaalstafel word bedreig. Ja, miskien nie in die tyd van hierdie geslag nie, maar laat ons aantoon hoe maklik die hart van die kruis uit die kerk geruk kan word.

Is die gedagte van die dood as tweelingbroer van die lewe al êrens bedink? Ek is net die wagter op die muur en nie die produseerder van hierdie stukkie sogenaamde relasionele waarheid nie. Wat beteken dit dat die dood gesien word as tweelingbroer van die lewe?

Parmenides - die Griek

Die verhaal begin by die Griekse filosofe, veral die paar wat voor of net na Socrates geleef het. Hulle het geredeneer dat alles wat skynbaar teenstrydig is - soos dood teenoor lewe - eintlik oorspronklik een was en weer een sal word. Veral Parmenides het so gedink. Baie jare het verby gegaan waarin hierdie siening as laf afgewys is. Veral die groot filosoof Plato het hard en duidelik probeer sê dat daardie twee goed uitmekaar gehou moet word. Toe die Woord ook tot die westerse mens kom, het die Woord die oortuiging gebring dat God die lewe self is; dat Hy skeep, dat daar 'n moontlikheid is dat iemand in die skepping kan doodgaan, maar dan vanweë ongehoorsaamheid aan Hom. Nie soos die voor-Sokratici gesê het dat die dood deel van die lewe is nie. Die vraag is eenvoudig: is die dood vreemd aan die lewe of is die dood maar net 'n onderdeel van die lewe? (Hoe gemaklik praat ons nie van die natuurlike dood of oorsake van die dood nie) Die gereformeerde belydenis is, of altans was tot onlangs nog toe, dat die dood vreemd aan die lewe is. Die dood is die straf op die sonde.

Heidegger - die Duitser

Die Grieke leef nie meer tussen ons nie, maar hulle sê-goed is nog by ons. Daar was 'n man met die naam van Martin Heidegger. Hy was nie die anti-chris nie, maar hy moes van die anti-chris getuig. O, en hy het sy rol puik gespeel. Hy het die ou Griek afgestof - die een wat gesê het alles is oorspronklik een, naamlik dat lewe dood is en dood lewe. Die een is integraal deel van die ander. Hy het iets bygevoeg, naamlik dat die angste vir die dood deel van die lewe is. Skuld (in die enkelvoud) is nie iets wat jy opdoen vanweë ongehoorsaamheid nie, maar dit is deel van menswees. Jy het skuld omdat jy mens is. Hy bedoel nie die erfsonde nie, maar oorspronklike skuld net omdat jy bestaan. Hierdie angste en skuld is deel van elke mens soos dat die lewe 'n doding is en die dood 'n belewing.

Beangste

Heidegger beweer dat enige mens eintlik angstebevinge is omdat hy agterkom dat hy aan homself oorgelaat is in die wêreld. Angste

- angste van die hel (verwar met die doderyk in 2003) in die Heideggeriaanse sin - kan die kerk verwoes en beroof van ons dierbaarste skat: ons belydenis van Christus in die hel. Het ons 'n bang beangste Jesus net in die doderyk of het ons 'n in die hel-verlate, skuld-betalende Christus? Het ons 'n Jesus wat ook weet wat dit is om skuldangs te hê, of het ons 'n Christus wat angste verdryf deur skuld weg te neem?

Om 'n 2 000 jaar oue belydenis voor teetyd te gaan verander is nie iets ligs nie. Die kerk se toekoms is hier op die spel. Genadiglik het ons nog die Kategismus. Daarin bely ons dat Christus na liggaam en siel tydens sy hele lewe op aarde, maar veral aan die einde daarvan, die toorn van God teen die sonde van die ganse menslike geslag gedra het. So het Hy met sy lyding as die enigste versoeningsoffer ons liggaam en siel van die ewige verdoemenis verlos en vir ons die genade van God, die geregtigheid en die ewige lewe verwerf. Dit is nie angste van die hel tot die dood toe ondergaan nie. Dit is die hel self ondergaan, lewend aan die kruis, daarna die doderyk¹ in, alreeds as deel van sy triomftog. Spreek die Skrif nie van die Gees se werking in die doderyk met Hom nie? As Hy dan in die doderyk Godverlate sou wees (as 'n mens doderyk en hel verwar) waarom staan daar dan in 1 Petrus 3:18-19 '... Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees; in wie Hy ook heengegaan en gepreek het vir die geeste in die gevangenis ...'

Troos is weg

Hoe kan ek sterf as aan my net 'n hel-lose hel-beangste Jesus verkondig word? Hoe moet ek getroos wees? Dat Hy ook - maar soos ek (?) vir die dood/hel bang was? Waar is my troos? Dat Hy saam met my bang is? Waar is my heerlike troos van die betaling van my skuld heen? Getsemane se bloed druppel. Dit bely ek ook, ja, maar dit is veral Golgota se bloedstorting wat betalend was. Getsemane se gebedsbloed roep Golgota se liefde as betalingsbloed op. Ek kan nie sterf sonder om met alles wat ek is te bely dat Jesus Christus neergedaal het na die hel nie. As ons die kronologie

¹ Vgl. Oor die dood uit die Woord deur Ansie du Plessis, 1985.

wil regmaak, sit dan maar 'n 'dus' daarvoor. Moenie net 'n bang Jesus aan my verkondig nie, want dan is die offer nog nie volbring nie. Dan is die skuld nog nie betaal nie. Moenie met woorde speel nie. Woorde het betekenis. Moenie ligtelik met die Woord omgaan nie. Die Woord het betekenis. Dit dui God vir ons aan. Ons ken nie betekenis toe aan die woorde van die Woord nie. As ek dit moet doen gaan ek 'n beangste Jesus preek kry - en dit neem my angs vir

die doodskuld van die hel nie by my weg nie.

Hoe ver is die Gereformeerde Kerk om 'n Heideggeriaanse geïnterpreteerde bang Jesus te verkondig? Net God weet dit. Mag dit nooit gebeur nie. Die verklaring van die Woord is dat Jesus Christus lewendig in die hel was. Daardeur lewe ek. Daarom sal ek nooit, nooit, nooit net bely dat Jesus Christus angste van die hel tot die dood

ondergaan het nie, maar - en dit is geopenbaarde genade - sal en moet ek, en moet julle ook weer - so dierbaar as wat ons saligheid vir ons is - altyd bly bely dat Jesus Christus neergedaal het na die hel.

Daardeur bly die dood vreemd aan my en sal ek geen natuurlike dood sterf nie. Daardeur weet ek dat die Vader van Jesus Christus ook my Vader is. Hy is die Vader van lewendes.

UIT DIE GESKIEDENIS

Dr AH Bogaards, Pretoria-Rooiwal

Calvyn oor die eer en gesag van sinodes

In die huidige debat rondom sekere sinodebesuite kom artikel 31 van die Kerkorde telkens weer ter sprake: 'Wat op 'n kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, moet as vas en bindend beskou word tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde'.

Wat Calvyn in verband met sinodes leer, is besonder insiggewend. In hierdie artikel wil ek op twee punte konsentreer: eerstens Calvyn se oortuiging dat ons sinodes moet eer; en tweedens sy opvatting oor die gesag van sinodes.

Geen onbegrensde eer nie

Calvyn het groot eerbied vir die konsilies (sinodes) gehad. Dit was sy wens dat almal die sinodes sou eer. Hierdie eer het egter vir Calvyn 'n grens gehad, naamlik Christus. Calvyn verklaar wat hy bedoel met Christus as grens:

- Christus mag in ons eerbied vir die sinodes nie tekort gedoen word nie
- Christus moet die Voorsitter van die sinode wees. Hy is eers d n die Voorsitter, wanneer die hele vergadering deur sy Woord en Gees regeer word.

Geen onbegrensde gesag nie

Wanneer Calvyn dit vervolgens het

oor die gesag van sinodes, behandel hy Matteus 18:20. As daar uit die Skrif gevra word watter gesag konsilies het, is daar vir Calvyn nie 'n duideliker belofte as in hierdie uitspraak van Christus nie: 'Waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hulle midde'. Daarin lê dus vir Calvyn die gesag van konsilies: in Christus, dat Hy in hulle midde is.

By hierdie vers uit Matteus maak Calvyn twee uiters belangrike opmerkings:

- Die belofte dat Christus in hulle midde is, het betrekking op enige besondere vergadering en nie net op 'n algemene konsilie of sinode nie. Dit kan dus, so kan 'n mens gerus uit Calvyn se woorde aflei, ook op kerkraadsvergaderings, klassisse, ensovoorts, toegepas word.
- Die vernaamste punt in die saak is egter vir Calvyn gele  in die voorwaarde wat by die belofte gevoeg is. Die voorwaarde is dat Christus eers d n in die midde van 'n kerklike vergadering sal wees (belofte) as dit in sy Naam vergader (voorwaarde).

Op hierdie voorwaarde gaan Calvyn vervolgens in, wanneer hy s : Ek ontken dat mense in Christus se Naam vergader is wat God se gebod verwerp waarvolgens Hy gebied dat niks by sy Woord gevoeg of daarvan weggeneem mag word nie

(Deuteronomium 4:2; vergelyk ook Deuteronomium 12:32; Spreuke 30:6 en Openbaring 22:19), en wat na eie goeddunke enige besluit neem wat hulle wil. (Opvallend is die verwysing na juis hierdie tekste. Dink aan al die weglatings en die verwydering van Christus in die 2001-omdigting).

Dit is volgens Calvyn nie so dat Christus belof het dat Hy by elke konsilie (sinode) aanwesig sal wees nie. Daar moet onderskei word tussen ware, wettige konsilies en ander (valse en onwettige sinodes - AHB). Die teken van onderskeid tussen 'n ware en 'n valse sinode is vir Calvyn hierin gele : of die sinode in die Naam van Christus vergader of nie. Anders ges : of die sinode erns maak met God se gebod om niks by sy Woord te voeg of daarvan weg te neem nie. Hierdie voorwaarde is die onderskeidingsteken.

Gevolgtrekking

Uit wat Calvyn skryf, kan ons die volgende gevolgtrekking maak: Eerbied vir 'n sinode en erkenning van die gesag van sinodes (of hulle besluite vas en bindend is - artikel 31 KO) - dit het vir Calvyn alles te make gehad met die vraag of die sinode buig vir die Woord van Christus.

Bron: J Calvyn, Institusie Boek 4, Hoofstuk 9, Paragraaf 1-2.

Atmosfeer in die erediens

In Die Kerkblad van Augustus 2005 skryf dr Wilhelm Leuschner 'n artikel oor atmosfeer in die erediens. Hy wys op enkele wanpersepsies wat oor die erediens bestaan. Een so 'n wanpersepsie is dat die erediens in die eerste plek 'n persoonlike ontmoeting tussen die individu en God is. 'n Ander verkeerde persepsie is dat die erediens net verstaan moet word. Belewens is verkeerd. Teenoor hierdie (en ander) mistastings rondom die erediens fokus hy op 'n aspek 'wat baie min aandag kry, naamlik die atmosfeer wat in die erediens behoort te wees'. In sy Skrifondersoek oor dié saak kom dr Leuschner by nege aspekte uit:

- *Heiligheid:* In die erediens moet God ontmoet word en daarom is die heiligheid van die erediens ononderhandelbaar. Die erediens mag nooit vervlak in 'n konsert of blote mensevermaak nie! Die erediens is en bly steeds iets anders as 'n blote mense-byeenkoms.
- *Eerbied en ontsag:* Dit word beklemtoon in die begrip 'erediens'- diens tot eer van God.
- *Verstaanbaarheid:* Die erediens mag nie verval in 'n onverstaanbare handeling nie. Verstaanbaarheid deur almal is van kardinale belang in die erediens. Ongelukkig gebeur dit gereeld dat ons erediens so ingekleur word dat sommige mense nie verstaan nie. Dink maar aan kinders, besoekers of selfs ongelowiges wat in die erediens teenwoordig is. Te veel gebeur dit dat ons so bang is om ons erediens 'n konsert te maak dat ons na die ander kant fouteer en ons erediens totaal werklikheidsvreemd en mensionvriendelik maak. Is ons erediens so só dat iemand wat nog nooit in 'n kerk was nie sal verstaan wat gebeur, of het dit 'n ritueel vir ingelyfdes geword?
- *Liefde:* Die erediens moet gekenmerk word deur liefde – liefde vir God, liefde vir mekaar en liefde vir die wêreld daar buite. Die erediens mag nooit vergeet van die ongelowiges en kerklosses daar buite nie! Liefde word sigbaar en hoorbaar in woorde en dade.
- *Vriendelikheid en warmte:* Hierdie liefde vir mekaar mond uit in vriendelikheid en warmte teenoor almal teenwoordig. Onthou: die erediens is nie in die eerste plek 'n individuele gebeurtenis nie en daarom moet ek ook in die erediens met my mede-erediengangers verbind!
- *Uitnodigend:* Die erediens moet so ingerig word dat dit almal uitnooi en intrek en nie intimideer of afstoot nie. Dink weer veral aan besoekers, gaste en ongelowiges.
- *Vreugde en blydschap:* Die erediens moet gekenmerk word deur vreugde en blydschap – uiteindelik is die erediens 'n fees saam met, vir en weens God.
- *Deelname:* Die erediens moet ruimte skep vir deelname en die gebruik van gawes tot opbou van almal. (Liturgie = 'werk van die volk'). Hier is dit belangrik dat dit nie net die gesamentlike deelname (byvoorbeeld sang en gebed) is nie, maar ook individuele gebruik van gawes. So het die Nasionale Sinode al in 1985 besluit dat ander mense as die predikante die formuliere kan voorlees. In 1997 het die Sinode besluit dat dit wat net die predikant mag doen die seën, prediking en sakramente is. Die ander elemente in die erediens kan deur ander met die nodige gawes gedoen word.
- *Afwisseling:* Die atmosfeer in die erediens is nie vas nie, maar kan wissel volgens:
 - die kerklike jaar
 - gebeure en omstandighede in die gemeente en die wêreld
 - en selfs binne een erediens volgens die liturgiese handeling waarmee besig is (tydens verootmoediging behoort 'n ander atmosfeer te heers as tydens lofprysing).

Aansluitend by die nege aspekte wys dr Leuschner op instrumente om atmosfeer te bewerk. Die samestelling van die menslike brein moet in gedagte gehou word. Die linkerbrein is meer logies, intellektueel, analities en beheerd, terwyl die regterbrein meer kunstig, simbolies, kreatief en emosioneel is. Dr Leuschner meen dat daar in die Afrikaanse kerke baie sterk klem op die linkerbrein gelê word. Hy pleit daarvoor dat belewens, emosie en kreatiwiteit in die erediens teruggebring moet word. Wat dit betref moet daar baie meer gemaak word van elkeen van die vyf sinne wat die mens het. Simbole (soos die kruis) en rituele moet ingespan word, aangesien dit die regterbrein aanspreek en 'meer kan sê as baie woorde'. Net so moet daar baie meer aandag aan musiek en multimedia geskenk word. Die tyd van mondelinge oordrag en gedrukte media is verby. Die samelewing is op die oudiovisuele ingestel. Daarmee moet in die erediens rekening gehou word.

In 'n slotopmerking beklemtoon dr Leuschner hoe belangrik dit is om altyd aan te hou dink oor die wese en werking van die erediens. Dié denke moet deur die Woord gerig word. Hy bepleit 'n 'terugkeer na die Bybel om te hoor wat die Here in ons erediens wil hê'.

Gereformeerd in charismatiese kled

In die Gereformeerde Internet Tydskrif Vox Viva van Augustus 2005 gee dr Chris Saayman eweneens aandag aan die karakter en inkleding van die Gereformeerde erediens.

Hy skryf: *Deesdae kom 'n mens dit dikwels teë dat sommige gemeentes - van histories-gereformeerde kerke - hul erediens op 'n pinkster-charismatiese wyse inkleed en tóg daarop aanspraak maak dat hulle steeds gereformeerd is. Daarmee word bedoel dat die erediens op die tipiese patroon van die Pinkster- en Charismatiese kerke geknip word wat betref die tipe liederes wat gesing word (o.a. sogenaamde "praise and worship" – wat ook al weer 'n geykte patroon geword het en waar lidmate geleer word hóé daar nou ééntlik aanbid moet word – gewoonlik met 'n voorsanger wat tussen die liederes sy/haar eie prekie prewel), die tipe musiek en instrumente, aanbidding met liggaamsgebare (o.a. 'n gewuif met die hande en 'n gewikkel van die lywe en selfs danspassies), vrye liturgiese orde (soms géén orde) ensovoorts. Hierby kan gevoeg word die manifestering van die "gawes van die Gees" soos tale en profesie. Dit gaan dus oor die uiterlike inkleding van die erediens. Skynbaar kan hierdie uiterlike vorm met gemak geskei word van die teologie – dit wat inhoudelik bely, gepreek en geglo word. Hiervolgens is dit dus moontlik om uiterlik pinkster-charismaties te wees, maar innerlik steeds in belydenis en prediking volmondig aan die gereformeerde belydenis (die volledige inhoud van die Drie Formuliere van Eenheid) vas te hou. Dit gaan mos maar net oor 'n ander soort "spiritualiteits-tipe" (persoonlike voorkeure) binne die kerk vir wie ruimte gemaak moet word – so word beweer. Dit gaan glad nie oor 'n verloëning van die reformatoriese (en dus Bybelse) geloof nie. Vorm en inhoud kan met gemak van mekaar geskei word. Ons behou die gereformeerde inhoud, maar gee dit net 'n pinkster-charismatiese vorm.*

Dr Saayman spreek hom sterk oor die vorm-inhoud kwessie uit:

My oortuiging is dat vorm en inhoud

nie geskei kan word nie. Op goeie gronde. Die tipiese charismatiese vorm van erediens verraai onteenseglik die inhoud van dit wat geleer en geglo word. Die twee gaan hand aan hand. Wie die inhoudelike verstaan, sal onmiddellik verstaan waarom die uiterlike vorm is wat dit is. Ten einde die inhoud van die charismatiese kerke se teologie te verstaan, moet 'n mens sien wat die historiese wortels van die Pentakostalisme (waaronder die charismatiese beweging ressorteer) is. Uit watter bron kom hierdie beweging? Dit verg nie veel moeite om die lyn deur die geskiedenis te volg nie. Dit is 'n lyn wat teruggevoer kan word so ver as die jaar 170 toe Montanus charismatiese teenkerke geskep het. Toe volg die Donatiste in die vyfde eeu. In hierdie twee bewegings het die latere Anabaptisme sy wortels, wat weer uitlopers gehad het na die Piëtisme, die Evangelical Awakening, die Herlewings- en Heiligheidsbewegings en die Metodisme.

Die Metodisme was die direkte moeder waaruit die Pentakostalisme gebore is. Leerstellig staan die Pentakostalisme baie naby aan die Wesleyaanse Metodisme. John Wesley was 'n uitgesproke Arminiaan met sy klem op die vrye wil van die mens, voorwaardes waaraan die mens moet voldoen om gered te word en die "doop met die Heilige Gees" te ontvang en ook perfeksionisme. Die saligheid is binne die mens se bereik as hy net vroom genoeg daarvoor kan aspireer. 'n Mens moet die Here dramaties aanneem. Die mens se beslissing en beslissingsdatum haak die knoop finaal deur. Daarom moet mense tot oorgawe gedryf word met die suggestie dat vorige oorgawes nie goed genoeg was nie. Die gewig lê op die méns. Die mens se "antwoord" word 'n roepstem waarop Góó uiteindelik moet antwoord! God red die bekeerde mens wat sy/haar sondes afgelê het. Terwyl daar na die kruis verwys word, word daar stip na die méns (se reaksie) gekyk. Die ééntlike beslissing val op die terrein van die vrome beleving. In die sentrum van hierdie denke staan die mens. Die fokus val op die mens wat

tot bekering kom, sondes oorwin, 'n heilige oorwinningslewe het, 'n volle oorgawe gemaak het, toegewyd is, die gawes van die Gees besit, entoesiasties is, oorloop van vreugde en ervaring. Die individualisme staan op die voorgrond. Die honger na ervaring, beleving, die spektakulêre en buitengewone is opvallend. 'n Mens sou die tipiese-charismatiese teologie kon noem 'n theologiae gloriae – 'n teologie van triomfalisme. Dit gaan oor sukses en dit vergestalt die egte Nuwe Testamentiese Christendom. 'n Oorwinningslewe word aan mense gebied waarvan gereformeerde kerke skynbaar nie kan droom nie. Die uiterlike vorm van aanbidding in die Charismatiese kerke ondersteun hierdie inhoudelike triomfalisme. Oënskynlik lyk dit of die uiterlike vorm van charismatiese erediens alle klem op God plaas. Van nader beskou word dit egter duidelik dat dit tog ten diepste oor die mens gaan. Die vormgewing van hierdie tipe aanbidding vestig juis die aandag op die mens terwyl dit ongetwyfeld die intensie het om dit op God te plaas ...

Die gereformeerde geloof word uiterlik vergestalt in 'n totaal ander manier van aanbidding en erediensinkleding wat verband hou met wat genoem kan word 'n theologiae crucis. 'n Teologie van die kruis. Die kruis is die mens se bankrotverklaring. In die gereformeerde geloof word daar weinig meer aan die mens beloof as dat hy/sy op God se genade kan reken. Die gelowige is simul justus et peccator – tegelyk geregverdig én sondaar. Terwyl ek stik aan die sterwe van die ou mens, val ek oor die lomp voetjies van die nuwe. Natuurlik ken die gereformeerde gelowige ook diepe vreugde en blydschap. Hoe kan 'n mens die grootste van alle genadeboodskappe onaangeraak aanhoor? Hoe kan jy met droë oë hoor dat jou ewige helse doodvonnis ter syde gestel is op Golgota? Maar ons vreugde voor God kan nooit uitbundig en voor op die wa wees nie. Want dit het die kruis gekos om ons vreugde terug te bring. Dit is 'n soort verslae vreugde – die vreugde van verlose sondaars wat ongelukkig steeds sondaars is, al gee hulle nie

meer vrye teuels aan hul sondige drifte nie. Die triomfalisme is ingeperk. Die gereformeerde se vreugde is soortgelyk aan dié van Josef se broers toe Josef vir hulle sê dat hy Josef is. Ja, by die rugby klap gelowiges hande en stamp voete, maar dáár gaan dit oor intermenslike spel ...

Daar kan geen twyfel wees nie: die uiterlike vorm van charismatiese aanbiddingstyl in sommige gereformeerde kerke verrai die feit dat hierdie kerke se teologie ten diepste verander het. Die vorm verrai die inhoud. Onteenseglik het daar 'n grondverskuiwing plaasgevind

wat betref die inhoud van dit wat geglo, gepreek en bely word. Die regstelling kan slegs plaasvind indien die ware evangelie – die evangelie van genade – met begrip en verwondering herontdek word. Dit is reformasie. Wanneer die inhoud suiwer is, sál die vorm daarby aanpas.

Klank en weerklank

Dr Saayman bied in sy artikel heelwat insig met betrekking tot die saak wat dr Leuschner aan die orde stel. Atmosfeer in die erediens word bepaal (behoort bepaal te word!) deur die wese van die erediens. Die erediens is beoefening van verbondsgemeenskap tussen die Verbondsgod en sy verbondsvolk. Die atmosfeer waarin dié kosbare gemeenskap beoefen word, word deur God bepaal. Nie die mens se behoefte of die eiesoortigheid van die

tydsgewrig bepaal die vorm en inhoud van die erediens nie, maar die Gees van God skep en bepaal die sfeer.

Soos wat die verbond met God eensydig in sy ontstaan en tweesydig in sy bestaan is, so is die erediens. God belê die erediens (eensydig). Die oomblik as die erediens begin, vergader God en sy volk amptelik (tweesydig). Tydens dié amptelike vergadering staan God met sy Woord in die sentrum. Die HERE spreek, die verbondsvolk luister. In antwoord op sy Woord spreek die gemeente tot God, by wyse van gebed en psalmgesang, offerandes, skuld- en geloofsbelydens. Die lede van die verbondsvolk (kerk) spreek tydens die vergadering nie tot mekaar nie! Verbondsmatige denke oor die erediens sluit onderlinge gesprekvoering tussen lede van die verbondsvolk uit. Daarvoor word ander ruimtes geskep, soos

Bybelstudies, preekbesprekings en beoefening van gemeenskap oor en na die erediens. Die erediens is ook geen ruimte vir evangelisasie nie. Daarvoor is 'n diepgaande een-tot-een gesprek noodsaaklik.

Fyn onderskeiding is die wagwoord. Teen verstarring en formalisering van die erediens, wat al te maklik intree, moet daar sonder ophou hartgrondig gestry word. Maar op die regte manier. Die kerkjeug asook hulle wat 'van buite kom' sal moet leer dat heiligheid, eerbied, respek en toewyding tiperend is van die atmosfeer wat die Gees van God in die erediens skep. Daarmee saam diepgaande vreugde, algehele diensbaarheid, betrokkenheid van die mens se liggaam, siel en gees (met al sy sintuie). Dit alles binne die sfeer van die verbond, waarin God bepaal wat gebeur. En waarvan Hy die middelpunt is.

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie:

Dr ALA Buys
Mev J de Wind
Ds HLJ Momberg
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 4676
e-pos: alabuys@lantic.net
jdewind@mweb.co.za

Medewerkers:

Dr AH Bogaards
Dr EA de Boer
Prof GJC Jordaan
Ds GJ Meijer
Ds SJMS Smit
Dr AH van den Bout

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 331 4733 (na 14:00)
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za
Faks 012 335 9135

Intekengeld:

R120 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:

**Waarheid en Dwaling
Spaarrekening 9054701904
ABSA, Waverley, Pretoria**

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina, 0031



FOLMER BOEKHANDEL

19e laan 283, 0186 Villieria
Tel 012 329 0031, Faks 012 329 5927
Posbus 11607, 0121 Queenswood
E-Mail: iti03960@mweb.co.za

FLOOR, L: De gaven van die Heilige Geest in Bijbels-theologiese perspektief. Onder andere oor wat die Bybel sê oor die gawes, oor die verskil tussen gawes en ampte, en hoe mens die gawes in die gemeente kan raaksien. Aandag word ook gegee aan die besondere gawes: tongetaal, profesie en die gawe van genesing. 116 ble. R122

FLOOR, L: De vrucht van die Geest in Bijbels-theologiese perspektief.

Prof Floor wys daarop dat in die laaste tyd baie aandag gegee word aan die gawes en die werk van die Heilige Gees, veral in charismatiese kringe. Daarom is daar minder aandag vir die persoonlike geestelike lewe. Die persoonlike omgang met die HERE mag nie vergeet word nie!

Die Bybeltekste wat handel oor die vrugte van die Gees word uitvoerig bespreek. 120 ble. R143

Prof Floor het 'n interessante boek geskryf oor die verbondark:

DE ZWERFTOCHT VAN DE ARK — Die funksie en die geskiedenis van die ark. Hierdie eenvoudige kis was die sentrum van die Joodse godsdiens.

Die ark was 'n vorm van verkondiging — elke onderdeel het 'n betekenis gehad: die versoendeksel, die gérubs, die twee tafels van klip. Die Here het Homself hiermee aan die volk bekendgemaak, maar die ark is ook 'n prediking van die kruis van Christus en sy koningskap. 100 ble. R140